Dit is toe nie nou nie so moeilik nie | 19 Februarie 2023 | Ds. Pieter Badenhorst

pieter.badenhorst@moreleta.co.za

Inleiding

As gestuurdes is ons leefwêreld ons sendingsveld. Lukas 10 haal die angel uit die ding van gestuur wees, dissipelskap en getuienis uit. Vir ons almal is dit partykeer moeilik en ons weet nie hoe nie, het niks om te gee nie, ken nie die Bybel goed genoeg nie. Die dissipels van Jesus het eintlik niks in hulle hande gehad nie. Wat hulle wel gehad het was 'n ongelooflike '*encounter*' met Jesus, die krag van die Heilige Gees en hulle ontsaglike liefde vir Jesus. Hiermee het hulle die hele destydse wêreld omgekeer. Ons leefwêreld is onder andere ons besighede of ons werk waar ons 8 ure plus 'n dag spandeer. Mag die Here ons koppe draai sodat ons geleenthede daar sal raaksien.

Wenke vir leier

Luister so mooi na wat jou Kringlede sê en ondersteun jou kring op die pad. Help hulle om die sendingveld rondom hulle raak te sien.

Lees saam

Lukas 10

1 Daarna het die Here twee en sewentig ander aangewys en hulle twee-twee voor Hom uit gestuur na elke dorp en plek waarheen Hy van plan was om te gaan. **2** Hy het vir hulle gesê: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes. **3** Gaan nou! Maar onthou: Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in. **4** "Moenie 'n beurs of 'n reissak of skoene saamdra nie, en moenie langs die pad met groetery tyd verkwis nie. **5** As julle in 'n huis kom, moet julle eerste woorde wees: 'Vrede vir hierdie huis.' **6** As daar iemand woon vir wie die vrede bestem is, sal die vrede op hom bly; so nie, sal dit na julle toe terugkom. **7** Moenie van een huis na die ander trek nie, maar bly in dieselfde huis, eet en drink wat hulle voorhande het, want die arbeider is geregtig op sy loon. **8** As julle in 'n dorp kom en hulle ontvang julle, eet dan wat hulle vir julle voorsit. **9** Maak die siekes daar gesond en sê vir die mense: 'Vir julle is die koninkryk van God baie naby!' **10** Maar as julle in 'n dorp kom en hulle ontvang julle nie, gaan dan uit in sy strate en sê: **11** 'Selfs julle dorp se stof wat aan ons voete sit, vee ons af as aanklag teen julle. Maar dit moet julle weet: die koninkryk van God is baie naby.'

Gesels saam

Skrifgedeelte word bespreek deur die volgende 2 vrae te vra:

1. Wat leer ons oor God (Vader, Seun, Heilige Gees) uit hierdie gedeelte?
2. Wat leer ons oor onsself of mense in die algemeen in hierdie gedeelte?

Leer meer / kyk weer

Kliek vir verdere studie materiaal

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

Wat sê die Woord moet ek gaan doen?

Hierdie verhaal wys dat ons bestem is om goeie vrug te dra. Deel verhale met mekaar van mense wat julle weet veronderstel was om goeie vrug te dra wat die verkeerde vrug dra.

Hierdie gedeelte is waar die hele proses van dissipelskap en dissipelmaking staan of val. Hier beweeg ons van dit wat ons in die Woord ontdek het, na gehoorsaamheid aan Hom.

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____

_____

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035